

'n Strydvoerende Liefde



SABBATMIDDAG

Skrifverwysings vir hierdie week se studie:

die volgende gedeeltes uit Jesaja – hfst. 55:1-7, hfst. 55:6-13, hfst. 58:1-12, asook hfst. 58:13 en 14.

Geheueteks:

“AS jy jou wy aan dié wat hongers het, as jy voorsien in die behoeftes van dié wat in nood is, sal die lig vir jou skyn wanneer dit donker is, sal wat vir jou nag is, word soos die helder middag” (*Jesaja 58:10, NAB*).

‘n Joodse kantor (’n aanbiddingsleier) van Lincoln in die Amerikaanse staat Nebraska, en ook sy vrou, het in ’n stadium allerhande vreemde oproepe begin ontvang. Hulle is gedreig, soms met obsene aanmerkings. Hulle kom toe agter dat dit ’n plaaslike leier van die Ku Klux Klan (’n vêrregse groep) is wat hulle bel. Die paartjie kon hom dus maklik gaan aangee het, siende dat sy identiteit aan hulle bekend was. Die kantor en sy vrou het egter op ’n meer radikale plan besluit. Toe hulle hoor dat die Ku Klux Klan-lid kreupel is, daag hulle uit die bloute by die man op, hoendergereg in die hand! Hy was uit die veld geslaan. Net daar het sy haat vir hulle in liefde verander. Die kantor en sy vrou het boonop aangehou om die man te besoek. So het die vriendskapsband tussen hulle al hegger geword. Die voormalige Ku Klux Klan-leier het dit selfs oorweeg om ’n Jood te word! “Is die vas wat Ek wil hê, nie dit nie: om dié wat onregverdig gevange gehou word, te bevry, om die juk wat op mense druk, af te haal, om verdruktes vry te maak, om elke juk te breek? Is dit nie dat jy vir dié wat hongers is, van jou brood gee nie?” (*Jes. 58:6, NAB; lees ook vers 7*). Ironies genoeg is dit die presiese vas wat dié Amerikaanse paartjie gevolg het deur hul feesmaal met ’n hongers onderdrukker te deel, ’n gebaar wat daardie man immers vrygestel het van die kettings van vooroordeel waarin hy hom vantevore bevind het! Kom ons bekyk nou hierdie belangrike geestelike beginsel soos dit in Jesaja uitgebeeld word.

**Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 13 Maart*

Om iets gratis te kry? (*Jes. 55:1-7*)

Lees die volgende bybelvers: “O almal wat dors het, kom na die waters; en wie geen geld het nie, kom, koop en eet” (*Jes. 55:1, OAB*). Watter teenstrydigheid bespeur ’n mens hier?

Gestel jy pak ’n klomp kos in en gaan staan op die hoek van die straat in ’n besige stad, en sê dan aan die armes en boemelaars wat daarlangs verbygaan: “Is jy platsak? Kom koop dan kos en eet!” Die vraag is net: hoe koop ’n mens iets as jy dan nie geld het nie? Wanneer ’n mens egter die volgende sinsnede byvoeg, soos Jesaja inderdaad doen: “sonder geld en sonder prys” (*Jes. 55:1, OAB*), begin dit sin te maak. Hier doen Jesaja ’n beroep op die mense om vergifnis (*Jes. 55:7*) vrylik te aanvaar. Tog beklemtoon die woord koop dat die lewensmiddel wat God hier aanbied – ’n lewensmiddel waaraan die mens behoefte het en waarna ons smag – waardevol is. Om dit te ontvang, vereis dus ’n transaksie (oftewel die oordrag van iets waardevols). Die Here bied sy vergifnis vrylik aan, binne die raamwerk van ’n herstelde verbondsverhouding met sy volk (of kinders), maar nie omdat dit Hom niks gekos het nie. Allermens. Hy het verskriklike dinge deurgemaak, met die bloed van sy eie Dienskneg betaal. Hoewel vergifnis vrylik aangebied word, was die prys verstommend hoog vir die Godheid.

Watter prys is vir ons verlossing betaal? Lees *1 Pet. 1:18 en 19*.

Hoe vergelyk Jesaja se benadering tot verlossing met dié van die Nuwe Testament? Ef. 2:8 en 9.

Jesaja bied die leser ’n samevatting van die evangelie in die Ou Testament, en dit is dieselfde as die evangelie in die Nuwe Testament. Daar was geen “ou-verbond”-verlossing deur werke, wat later deur ’n “nuwe-verbond”-verlossing deur genade vervang is nie. Vandat God die eerste maal ’n Verlosser aan Adam en Eva belowe het (*Gen. 3:15*), was en is daar nog net een manier om gered te word: deur genade, uit geloof (*Ef. 2:8*); “God gee egter aan ons die ewige lewe verniet. Dit is sy geskenk aan ons wanneer ons in Christus Jesus as ons Here glo” (*Rom. 6:23, DB*). Die mens het reeds al die ander aangebode roetes na verlossing probeer volg – van die antieke Gilgamesj, wat vergeefs allerhande heldedade verrig het in ’n poging om die ewige lewe te verkry, tot moderne rolprentsterre wat in reïnkarnasie glo – net om agter te kom dat dit alles vergeefs is. Dit is hoekom ons meer van Jesus Christus, en wat Hy vir ons aan die kruis vermag het, moet leer.

Verhewe gedagtes en weë (*Jes. 55:6-13*)

Waarom sê die Here dat sy denke en weë bokant dié van die mens verhewe is, “soos die hemel hoër is as die aarde” (*Jes. 55:8 en 9, OAB*)? Wat beteken dit volgens jou?

Die God wat ’n heelal geskep het – ’n heelal waarin party van die kleinste deeltjies raaisels bevat wat ons nog glad nie in staat is om te ontsyfer nie – is sonder twyfel ’n God wie se denke vër bokant dié van die mens is. Hierdie wete dat God oneindig hoër as ons is, behoort dit vir ons makliker te maak om ons voor Hom te verootmoedig en in daardie gees sy hulp te ontvang. (*Lees Jes. 57:15.*)

Lees Jesaja 55:6-9. Wat is die konteks waarbinne die Here sê dat sy weë en gedagtes die menslike verstand algeheel te bowe gaan? Wat sê en doen Hy, wat vir ons so moeilik is om te verstaan?

Ons heelal is propvol raaisels. Die grootste van dié raaisels is ongetwyfeld die verlossingsplan, ’n verborgenheid waarvan ons bitter min verstaan. (*Lees Ef. 6:19.*) Dat die Skepper van die heelal Hom so sou verneder deur ’n mens te word, om dan ’n lewe van swaarkry en verdriet deur te maak, net om daarna ter wille van ons ’n soendood te sterf, en dit sodat ons vergifnis en genade kan ontvang – is ’n waarheid wat die hart en verstand van God se geskape wesens vir ewig sal aangryp. “Verlossing is ’n tema waarin die engele graag insae wil kry, en sal vir ewig – van eeu tot nimmereindigende eeu – die wetenskap en lied van die verlostes wees. Dit is dus die moeite werd om die verlossingsplan nou reeds aandagtig te bestudeer en te bepeins, nie waar nie? “Hier het ons ’n onuitputbare onderwerp. Die bestudering van die vleeswording van Christus, sy soendood, asook sy bemiddelingswerk in die hemel – dit sal die getroue bybelstudent so lank besig hou as wat die lewe toelaat. Dit noop hom [of haar] om hemelwaarts te kyk – daar waar lewe geen einde het nie – en te roep: ‘die verborgenheid van die godsaligheid is groot!’” (Ellen G. White, *My Life Today*, bl. 360).

Kyk na al die verkeerde dinge wat jy al gedoen het – die mense wat jy seergemaak het, jou onbedagsame woorde, al die kere toe jy ander teleurgestel het, om nie eers te praat van die kere wat jy jouself teleurgestel het nie. Tog kan jy danksy Jesus vir al hierdie dinge vergewe word, kan jy nou reeds volmaak en regverdig voor die Here staan. Dit is gewis ’n verborgenheid en ’n raaisel, nie waar nie?

Vriende wat vas (*Jes. 58:1-8*)

Wat is dié “vas” waarvan Jesaja in hoofstuk 58:3 praat?

Dit is waarskynlik die vas wat deel van die Versoendag vorm, die enigste vas wat God die volk beveel het om te onderhou (*Lev. 16:29 en 31, en hfst. 23:27-32*). Dit word inderdaad bevestig in Jesaja 58:3 deur die gelyksoortige uitdrukking “verootmoedig ons ons” (*NAB*), wat strook met die tipe terminologie wat ’n mens in Levitikus aantref. Hierdie verootmoediging dui op verskeie vorms van selfverloëning, insluitende die vas (*vgl. Ps. 35:13; Dan. 10:2, 3 en 12*). Die Versoendag-beelde wat hier as raamwerk gebruik word, verklaar God se bevel: “verhef jou stem soos ’n basuin!” (*Jes. 58:1, NRSV*). Hierdie woord wat as “basuin” vertaal word, is inderwaarheid ’n ramshoring-trompet – ’n sjofar – en moes destyds as ’n gedenkteken (oftewel as ’n herinnering) tien dae voor die Versoendag geblaas word (*Lev. 23:24*). Dit moes ook elke 50ste jaar op die Versoendag geblaas word, ten einde die jubeljaar in te lei (*Lev. 25:9, 10; vgl. Jes. 27:13*).

Lees Jesaja 58:3-7. Waaroor kla die Here by die volk in hierdie skrifgedeelte? Wat was dan fout met hulle “vas?”

Dit wil voorkom of die volk van God verwag het om hulle op die skouer te klop vir hul “vroomheid.” Hier span hulle natuurlik die kar voor die perde. Die selfverloëning wat op die Versoendag beoefen is, was ’n dankbaarheid- en lojaliteitsgebaar aan die Here; op die dag wat die hoëpriester voor die Here verskyn het om die heiligdom te reinig, en ook die volk te reinig van hul sondes waarvoor hulle alreeds vergewe is (*Levitikus 16; vgl. hfst. 4*). So, die vas moes uit dankbaarheid teenoor die Here gedoen word, dit is immers die Here wat hulle op die oordeelsdag red. Die volk moes dus nie vas om God se goedkeuring vir hul “vroomheid” en “toewyding” te kry nie. Dit was, per slot van rekening, die volk se sonde wat God se heiligdom ontreinig het; en daarom moes dit met bloed gereinig word, bloed gestort oor die dinge wat hulle verkeerd gedoen het.

Om godsdienstig te wees en om ’n ware volgeling te wees, is glad nie dieselfde ding nie. Dit is juis een van die groot lesse wat hier deurskemer. Hoe blyk dit uit die onderskeie skrifgedeeltes in vandag se les? Die persone wat in hierdie bybelverse aangespreek word, loop ’n bepaalde gevaar: naamlik om te glo dat ’n mens se godsdienstige rituele bewys dat jy die Here presies volg soos Hy vra. Hoe trap die moderne gelowige in dieselfde slagkat as die volk?

'n Vas- en gebedstryder (*Jes. 58:1-12*)

Tien dae nadat die ramshorings ter herinnering aan die koningskap van die Here geblaas is, en boonop op dieselfde dag dat die volk afsien van die eie-ek en hulle voor die Here verootmoedig ten einde hul lojaliteit aan daardie Hemelkoning te bevestig – m.a.w. op die Versoendag – blaas Jesaja figuurlik gesproke die ramshoring en kondig aan: julle rebelleer teen die Here julle God (*Jes. 58:1*).

Lees aandagtig deur Jesaja 58:6-12. Watter dade beskou die Here as ware selfverloëning (oftewel as 'n ware vas)? Wat is per slot van rekening die moeilikste: om 'n paar maaltye oor te slaan of om jou tyd en geld op te offer ten einde die haweloses in jou dorp te voed? Watter beginsel is die dryfveer vir laasgenoemde? Hoekom is hierdie vorms van vas tekenend van opregte aanbidding?

Enigeen kan godsdienstig wees, enigeen kan godsdienstige rituele uitvoer; selfs die regte soort, op die regte tyd, en op presies die regte wyse. Tog is dit nie al wat die Here van die gelowige verwag nie. Kyk net na Jesus se lewe. Hoewel Hy die rituele van sy tyd getrou uitgevoer het, fokus die evangelieskrywers heelwat meer op die behoeftes waarin Jesus voorsien het – op sy weldade vir sy medemens, sy genesing van die siekes, die feit dat hy kos uitgee aan die armes, en sy vergifnis van sondaars – en minder op sy getrouheid aan ritueel. Die Here wil hê dat sy kerk – dat sy getroue kinders – die waarheid wêreldwyd moet verkondig. Die vraag is net, wat gaan meer belangstelling in die waarheid wek, mense na die waarheid in Christus bring: om streng by die voorskrifte oor kos en drinkgoed te hou of om diegene te help wat honger ly? Wat is belangriker: 'n klomp moets en moenies oor die Sabbat of 'n gewilligheid om jou tyd en energie aan die versorging van behoeftiges te bestee?

Lees Matteus 25:40 en Jakobus 1:27. Wat sê hierdie bybelverse vir ons?

Kyk 'n bietjie na Jesaja 58 en die seëninge wat die Here belowe aan diegene wat hulle vir die minderbevoorregtes beywer. Wat dink jy sê die Here hier aan die gelowige? Is hierdie seëninge inderwaarheid beloftes dat God op 'n bonatuurlike wyse in 'n mens se lewe sal ingryp as jy sulke weldade verrig? Of praat Hy hier bloot van die mooi wat 'n mens put uit vrygewigheid en liefdadigheid, in plaas daarvan om selfsugtig, gierig en egosentries te wees? Verduidelik jou antwoord.

'n Tyd vir ons (*Jes. 58:13, 14*)

Waarom bespreek Jesaja die Sabbat in Jesaja 58:13 en 14? Hoe hou dit verband met die Versoendag-beelde in die voorafgaande verse?

Die jaarlikse Versoendag was 'n Sabbatdag. Dit was 'n spesiale, seremoniële aanbiddingsdag en was net soos die weeklikse Sabbat aangesien enige vorm van werk verbode was (*Lev. 23:27-32*). Die voorskrif dat die Versoendag 'n rusdag moes wees wat van aand tot aand geduur het (*Lev. 23:32*), sê vir die leser – en ook vir die Sewendedag-Adventistekerk wat inderdaad ook hierdie standpunt inneem – dat dié voorskrif duidelik ook vir die weeklikse Sabbat geld. Hoewel die seremoniële Versoendag die hoofraamwerk van Jesaja 58:13 en 14 is, kan 'n mens die kernboodskap weereens ook deurtrek na die weeklikse Sabbat.

Lees Jesaja 58:13. Watter soort dag is die Sabbat veronderstel om te wees? Hoe gemaak om die Sabbat op dieselfde wyse as wat in hierdie bybelvers beskryf word, te beleef. Wanneer 'n mens boonop dink aan die gebeurtenis waarop die Sabbat dui, is die vraag ook: hoekom behoort dit die soort dag te wees wat in vers 13 beskryf word?

Jesaja 58 bespreek hoofsaaklik drie temas: selfverloëning, maatskaplike ondersteuning, asook die Sabbat. Wat is die verband tussen dié drie aspekte? Eerstens dui al drie daarop dat 'n mens jou aandag op God behoort te vestig. Sý wil moet voorrang geniet, en 'n mens moet jou afhanklikheid aan God beseef en bely. Verder is die nastreef van al drie aspekte die mens se streef na heiligheid deur die navolg van God se voorbeeld (*lees Lev. 19:2*) – dieselfde God wat in die vorm van Christus Homself verneder het (*Fil. 2:8*), die God wat ons selfopofferende goedertierenheid bewys (*Joh. 3:16*), en wat aan die einde van die skeppingsweek sy werk opsygesit het om die Sabbat te vier (*Gen. 2:2, 3; Eks. 20:11*).

Bekyk ook die ander verbande tussen Jesaja 58 se drie temas (selfverloëning, maatskaplike ondersteuning en die Sabbat), en die volgende aspekte: die Sabbat as 'n dag waarop die mens van weeklikse arbeid bevry word, en derhalwe tekenend is van God se goedheid omdat Hy ons die geleentheid gun om verkwik te word (*Eks. 23:12, Mark. 2:27*); Jesus wat weldade verrig en sodoende toon dat sulke daade gepas vir die Sabbat is (*Mark. 3:1-5, Joh. 5:1-17*); dat ware sabbatsvierings 'n bron van vreugde is (*Jes. 58:14*), en dat naastediens [op daardie dag] 'n mens ook vreugde bring (*Jes. 58:10, 11*). Wat moet in jou lewe verander sodat jy self ook hierdie seëninge kan ervaar?

Vir verdere studie:

“Ware liefdadigheid vereis altyd selfverloëning. Slegs deur ’n lewe van eenvoud, selfopoffering en spaarsamigheid, is ons staat om ons Godgegewe taak as verteenwoordigers van Christus te volvoer. Trots en wêreldse ambisie moet agterweë gelaat word. Al ons pogings en projekte moet van onselfsugtigheid getuig, ’n beginsel wat uit die lewe van Jesus blyk. Die prente teen ons mure en die versierings in ons huise moet vir ons sê: ‘Gee aan die arm swerwer blyplek’ [OAB, *effens aangepas*]. Die klere wat ons dra, moet ’n vingerwysing van Bo wees, en moet vir ons sê: ‘As jy iemand sien wat naak is, moet jy hom klee’ [OAB, *effens aangepas*]. Die hope kos op ons tafels moet vir ons sê: ‘Jy moet jou kos deel met dié wat honger is’ (*Jesaja 58:7, effens aangepas*)” (Ellen G. White, *The Ministry of Healing*, bl. 206).

Vrae vir bespreking:

1. Let op die vraag wat Jesaja aan die mense van sy tyd gestel het: “**Hoekom spandeer julle jul geld op dit wat nie brood is nie? Hoekom werk julle vir iets wat nie kan versadig nie?**” (*hfst. 55:2, NLV*). Vra jou af: op watter manier, indien enige, doen ek presies dieselfde (m.a.w. jaag ek dinge na wat nie bevrediging bring nie)? **Hoekom beland ’n mens so maklik in daardie strik?**
2. Siende dat selfverloëning, liefdadigheid en die Sabbat so belangrik op die Versoendag was, is die vraag net: is dit net so belangrik vir die eindtyd-Versoendag (Dan. 8:14) – die dag waarop God ’n kosmiese jubeljaar met trompetgeskal sal inlei, ’n ewige jubeljaar van algehele vryheid wat by die wederkoms van Christus in aanvang neem (*1 Kor. 15:52; vgl. Lev. 25:9 en 10*)? **Verduidelik jou antwoord.**
3. **Bespreek die vraagstuk oor sabbatsonderhouding tydens klastyd. Jesaja sê dat ons nie op die Sabbatdag moet doen wat ons wil nie, tog moet ons dit terselfdertyd ’n “vreugde” (*Jes. 58:13*) noem. Wat bedoel hy daarby? Hoe kan ’n mens beide hierdie voorskrifte volg? Hou egter die konteks waarbinne hierdie voorskrif gegee word – d.w.s. **hfst. 58** – in gedagte.**

Opsomming: In Jesaja 55 en 58 doen die profeet ’n beroep op die volk om hul eie sienings en weë te laat vaar, en terug te keer na die Here. Deur Jesaja sê die Here dat die ideale wat Hy vir sy kinders koester, vêr bo hul eie verhewe is. Die Here spreek die mens genadiglik vry en verwag dan van die begenadigde persoon om self ook genade vir ander te hê. Hierdie uitkringende genade strook met die gees van die Versoendag en die Sabbatdag, aangesien die genadegawe van vergifnis wat God ons skenk, ’n mens van binne transformeer, mits jy natuurlik daardie vergifnis daadwerklik ter harte neem.